MOORREESBURG
SAKEKAMER
Saam, sigbaar & vorentoe!

Voorsitter Verslag 19 April 2023

Graag hou ek aan u die voorsitters verslag voor vir die **2022/2023** boekjaar.

Ons bedank Nicolaas Hanekom, Martin Langenhoven en Anel Hanekom wat as onderskeidelik voorsitter, onder-voorsitter en sekretaresse, besluit het om uit te tree. Nicolaas en Anel is steeds lede van die sakekamer en Martin dien steeds op die bestuur.

Pieter Visser, Fritz Els en Isabel Crous is onderskeidelik in die drie posisies verkies.

Jannie de Bruyn is steeds tesourier met Jannie Smit, Leonard Thomas, Pieter Botha en Cobus van Merwe as verdere bestuurslede.

Gassprekers gedurende 2022 was;

- Die Bestuurder van Swartland Munisipaliteit, Mnr Joggie Scholtz
- Die Vorige Swartland Burgemeester, Mnr Tijmen van Essen
- Die Huidige Swartland Burgemeester, Mnr Cleophas
- Rehan Nieuwoudt en Kol Bertus Conradie re gemeenskap veiligheid
- En Jan Jan Joubert re SA politiek

Bestuursvergaderings was vanaf Feb 2022 elke 2 maande gehou en vind plaas by Tip Trans se raadsaal.

<u>Die volgende aksies was geneem gedurende 2022/2023:</u>

1. SK lewer insette op die wysigings van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van SM waarvan ‘n volledige kopie op die SK se webtuiste (www.mrbsake.co.za) onder ***dokumente – Munisipale dokumente*** gevind kan word. *(Lees hoofpunte wat ons aangespreek het)*

2. Die SK het by die SBI (Small Businees Institute) geaffilieer asook as lid by Swartland Toerisme aangesluit. Die SBI vervang die destydse AHI. Die SBI bevorder positiewe omgewing vir SMEs met die doel om werk te skep asook die ekonomie te versterk.

“SAAM, SIGBAAR & VORENTOE”

3. SK ondersoek die moontlikheid van Agro Processing grants om moontlike landbou besighede na Moorreesburg te lok.

4. SK werk nouer saam met MURS (Moorreesburg Urban and Regional Sector) tov die beplanning vir PTZ/LPR kameras vir die dorp. MURS is opsoek na nog besigheids eienaars wat na vore wil kom om hulle geboue aan te bied om kameras teen te instaleer.

5. SK het met Malmesbury Sakekamer geskakel om nouer bande te vestig met die doel om inligting en idees met mekaar uit te ruil.

6. Die Paradyskloof ontwikkeling oorkant die Gene Louw stadium was deur die Sakekamer skoongemaak. Ons het op 17 April 2023 bevestiging gekry dat twee kennisgewings op onderskeidlik 10 Maart 2023 en 6 April 2023 aan Prospect 51 Pty Ltd gestuur was om die erf binne 30 dae op standaard te kry en teen ongveer 15 Mei die afgebrande gebou te sloop en te laat verwyder. Ons monitor die vordering.

7. SK het weer ‘n vroeëre projek van die verf van geboue in Hoofstraat aan die gang – dit is geboue vanaf die robot tot by ongeveer HMO Meubels. SK wag tans vir toestemming om die spoorwegbrug se ses panele in verskillende kleure te verf, om die projek aan te kondig, wat sal aansluit by die Swartland Toerisme bemarkingstema. Dulux, verskaffers aan Overberg-Agri, het reeds kleurkaarte voorsien en is bereid om ‘n afslag kode aan ons lede vir spesifiek hierdie projek aan te beid vir aankope van verf by Overberg-Agri.

8. Besoeke was afgelê aan die Weskus Distriks Munisipaliteit se Disaster Management Sentrum, die Landroskantore, SAPS, ACVV, Koringbedryf Museum asook die nuwe rioolwerke om hierdie instansie bewus te maak van die rol van die Sakekamer. Voortvloeiend uit die bg besoeke:

    a. SK het ‘n brief aan Reagen Allen, minister van gemeenskaps veiligheid, rakende onderbemanning van Moorreesburg SAPS gestuur – twee opvolgskrywes was gestuur met steeds geen terugvoer. SK sal weer opvolg. Nuwe inligting op 14 April bekom, laat SK nou daardie skrywe stuur na Maj Gen Dyanti, West Coast District Commisioner. Wag tans op terugvoer.

    b. SM bevestig dat die nuut geboude rioolwerke nou 100% in werking is.

    c. Regter Mthimunye het SK vriendelik ontvang en waardeer ons besoek en werk graag saam met spesifieke verwysing na die onaanvaarbare gedrag van die rondloper kinders. Met genoegsame bewyse verwys die regter die kinders na terapeutiese instansies. SAPS en die regter vra die gemeenskap dat ons asseblief moeite sal doen om insidente by SAPS (Hugo Meyer) aan te meld – Hugo het reeds ‘n templaat vir die klaers voorberei – hy benodig,

datum, tyd, beskrywing van insident asook verkieslik ‘n foto of beskrywing van die oortreder.

9. SK woon die Energy Indaba te Kaapstad by waar ons dan ook een van vanaand se sprekers, PV Consult, ontmoet. COCT beman ook ‘n uitstal ruimte by die Indaba waar ons 100 komplimentêre Smartliving Handboeke gratis kry – daar is kopieë om saam te neem.

10. SK is besig om aansoek te doen vir meer befondsing om die bestaande EPWP werkers (Expanded Public Works Programme) uit te brei na voetpatrollies om onder andere die straatkinders en bedelaars te monitor en te beheer asook die skoon hou van die No-go rivier om ‘n herhaling van 2007 se vloede te voorkom.

11. Die Sakekamer het ‘n span ingeskryf wat tans deel neem aan die Rolbal besigheidstoernooi en betree tans die 5de plek.

My doelwit as voorsitter is om ‘n sterk deelnemende ledetal te bou om sodoende alle besighede met mekaar te sinkroniseer om die dorp se ekonomie, primêr, volhoubaar en sekondêr, te groei met die uitbrei van bestaande besighede asook die invloei van goeie gesonde nuwe besigheid wat aansluit by ons Beleidsdokument.

Die Sakekamer gaan op verskeie maniere met lede, asook opkomende lede kommunikeer om lede ingelig te hou. Kommunikasiekanale wat SK sal gebruik is: sosiale media, e-pos, telefonies en Whatsapp broadcast om **BESIGHEIDSVERWANTE** inligting te deel. Die gebruiker kan enige tyd “unsubscribe” of die Whatsapp-groep verlaat.

Laastens maar mees belangrikste: Meer as 180 besighede was in Moorreesburg identifiseer nadat die dorp in 5 dele verdeel was, die vier hoeke van die robot asook besighede in die industriële gebied. 140 E-posse was aan bestaande sowel as potensiële lede gestuur. Slegs **11** bestaande lede het hul lidmaatskap hernu en **15** nuwe lede het aangesluit. Ledegeld is noodsaaklik om die Sakekamer se uitgawes soos ‘n deeltydse sekretariële pos, bemarkings materiaal, ledevergaderings asook reistoelaes te dek. Aansoekvorms vir aansluiting is beskikbaar op ons webtuiste (www.mrbsake.co.za). Ons ledetal doel vir 2023 is 100 lede so versprei asseblief die woord en help ons in ons doelwit. Borgskappe en skenkings sal ook natuurlik tot voordeel van lede aangewend word.

Dankie

PIETER VISSER
VOORSITTER
MOORREESBURG SAKEKAMER